DAG 85-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

Mat 9:37-38 Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag **uitstuur**.

AMPL - Mat 9:37-38 Then He said to His disciples, The harvest is indeed plentiful, but the laborers are few.
So pray to the Lord of the harvest **to force out and thrust** laborers into His harvest.

MESSAGE -Mat 9:36 When he looked out over the crowds, his heart broke. So confused and aimless they were, like sheep with no shepherd.
Mat 9:37 "What a huge harvest!" he said to his disciples. "How few workers!
Mat 9:38 On your knees and pray for harvest hands!"

God wat ons gebede verhoor, ons vra dat U ons oe oopmaak om die RYP OES te sien, ons hande sterk maak om die oes te wil inbring, en ons voete gewillig maak om GAAN en die OES IN TE BRING.Here Gee ons U hart vir verloregaande siele.

Stof tot Nadenke…

Die begin van herlewing is om ‘n gebroke wil te hê. Dit is ‘n pynlike ding. Dit maak ons nederig. Uittreksel: The Way of the Cross deur Roy Hession.

Onophoudelike Gebed:

O God, maak vir my die deur oop...

DAG 86-Voorwaardes vir Herlewing: …doen

Hos 10:12 **Saai** vir julle volgens die eis van geregtigheid, **maai** in ooreenstemming met die liefde; **braak** vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die HERE te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën.

AMPL - Hos 10:12 **Sow** for yourselves according to righteousness (uprightness and right standing with God); **reap** according to mercy and loving-kindness. **Break up your uncultivated ground,** for it is time to seek the Lord, to inquire for and of Him, and to require His favor, till He comes and teaches you righteousness and rains His righteous gift of salvation upon you.

MESSAGE - Hos 10:12 Sow righteousness, reap love. **It's time to till the ready earth**, it's time to dig in with GOD, Until he arrives with righteousness ripe for harvest.

Mat 13:8 En 'n ander deel het in die goeie grond geval en vrug opgelewer: die een honderd -, die ander sestig -, die ander dertig -voudig.

Vader dankie dat U die grond voorberei het waarin ons moet saai , Dankie dat U die saad verskaf aan die saaier (2Kor 9:10-11) sodat ons in alles ryk kan word tot alle milddadigheid, wat danksegging aan God deur ons bewerk. Help ons om mildelik te gee, geestelik en finansieel want u word leer ons in :Luk 6:38 *Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word*.
Wat ons saai sal ons maai ….op die regte tyd : Gal_6:7-9.

Stof tot Nadenke…

"Soos wat goud in die vuur gelouter word, so moet die hart getoets word deur pyn." – Oswald Chambers.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus Christus, U is die Weg, die Waarheid en die Lewe.

DAG 87-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

Mat 13:3 - 23 **'n Saaier het uitgegaan om te saai;**

1. **Langs die pad**, - As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is
2. **Rotsagtige plekke** - —dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem; maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik.
3. **In die dorings** - ,dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar.
4. **Goeie grond** - dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd,die ander sestig—, die ander dertigvoudig.

AMPL - Mat 13:23 As for what was sown on good soil, this is he who hears the Word and **grasps** and **comprehends it;** he indeed **bears fruit** and **yields** in one case a hundred times as much as was sown, in another sixty times as much, and in another thirty.

MESSAGE - Mat 13:23 "The seed cast on good earth is the person who hears and takes in the News, and then produces **a harvest beyond his wildest dreams."**

Here ons Helper, Help ons om 'n goeie oes in te bring, berei U die grond voor deur U Heilige Gees. Ons weet dat U ons as mens gemaak het met 'n eie wil, en daarom het ons te alle tye 4 soorte mense (4 soorte grond) waarin ons saai; HERE ONS BID VIR GOEIE GROND sowel as GOEIE SEISOENE sodat ons GOEIE OESTE kan inbring.

Stof tot Nadenke…

Hoe dikwels moet ek bid? So dikwels as wat die taal van gebed in my hart opkom; so dikwels as wat ek behoefte het aan hulp; so dikwels as wat ek die mag van versoeking ervaar; so dikwels as wat ek bewus word van my geestelik verval, of die aggressie van 'n wêreldse gees ervaar. – **Talbot W. Chambers**.

Onophoudelike Gebed:

Here God, maak my desperaat om U te vind!

DAG 88-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN)

Hand 2:37- 38 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê:
Wat moet ons doen, broeders? ….. En Petrus sê vir hulle:

1. **Bekeer julle**, *(**Eseg.18:30-31 ; Eseg.33:11**).*
2. **laat elkeen** van julle **gedoop word** in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes,
3. en julle sal die **gawe van die Heilige Gees** ontvang.

MESSAGE - Act 2:38 Peter said, "Change your life.
Turn to God and be baptized,
Mat 28:19 ….. en **doop hulle** in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;
Mar 16:16 Hy wat **glo** en hom **laat doop**, sal gered word;….

Rom 6:4 Ons is dus saam **met Hom begrawe deur die doop** in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.

Goddelike Majesteit, ons het ‘n opdrag om dissipels te maak, en hulle te doop .... en elke gelowige het ‘n opdrag om hulle eers te bekeer en tot geloof te kom, en dan te laat doop; Ons bid Here dat ons almal gehoorsaam sal wees aan U woord, ons bid ook vir hulle wat U nog nie gevolg het deur die doop-water nie. (Luk 3:21). Help ons om die ou mens aft e sterf en te begrawe en op te staan in ‘n nuwe lewe saam met U. Here help ons om nadat ons gedoop is, so te leef dat ons getuienis die LOF VAN GOD VERKONDIG en getuig van die NUWE LEWE IN CHRISTUS.

Stof tot Nadenke…

Wegdwaling van God is ‘n proses:
1. Die hart hou op om God ten volle lief te hê.
2. Die wil verkies nie meer om God te gehoorsaam nie.
3. Die lewe word weggelok na plaasvervangers vir God se teenwoordigheid, sy doel en sy manier. Mense kan plaasvervangers vir God word. ‘n Seksuele verhouding kan ‘n plaasvervanger word vir ‘n liefdesverhouding met God. Maar niks kan die geestelike dors na Lewende Water les nie, behalwe Jesus. **Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry Blackaby en Claude V. King.**

Onophoudelike Gebed:

Ek vra net een ding, Here Jesus: Dat ek U mag sien.

DAG 89-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

2Tim 4:2-5 **verkondig die woord**; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; *....Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend.*

1. *Maar **bly jy in alle omstandighede nugter**,*
2. *verdra lyding,*
3. ***doen jou werk** as verkondiger van die evangelie,*
4. ***voer al die pligte van jou bediening uit***

Message - 2Tim 4:2-5 so proclaim the Message with intensity; keep on your watch. Challenge, warn, and urge your people. **Don't ever quit**. Just keep it simple. You're going to find that there will be times when people will have no stomach for solid teaching, but will fill up on spiritual junk food--catchy opinions that tickle their fancy. They'll turn their backs on truth and chase mirages.
…But you—

1. **keep your eye on what you're doing**;
2. **accept the hard times** along with the good;
3. **keep the Message alive**;
4. **do a thorough job** as God's servant.

There will be times when people will have no stomach for solid teaching, but will fill up on spiritual junk food--catchy opinions that tickle their fancy.

El Shaddai (almagtige, algenoegsame God), help ons om die evangelie van Jesus uit te dra tydig en ontydig, help ons om die goeie tye te koester en slegte tye te verdra, help ons om die Boodskap van Lewe in Christus altyd voor elkeen te hou, en help ons om wat ons doen, GOED TE DOEN asof vir die Here, en NIE vir mense nie.

Stof tot Nadenke…

Daar is sekere seisoene wat herlewings genoem word, waartydens God 'sy Gees op mense uitgestort het'. Hierdie tye, ook genoem 'ontwakings' gebeur wanneer die teenwoordigheid van God ervaar word met magtige openbaarmakings van die Heilige Gees. – **J. Edwin Orr.**

Onophoudelike Gebed:

My hart sê: "Ek soek u aangesig, O Here Jesus!"

DAG 90-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

Act 4:31 En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.

Act 4:31 And when they had prayed, the place in which they were assembled was shaken; **and they were all filled with the Holy Spirit**, and they continued to speak the Word of God with freedom and boldness and courage.

VERVUL/FILLED - Greek - pletho = to "fill" (influence, supply); to fulfil (time):--accomplish, full (...come), furnish.

AMPL - Act 4:31 …..and they were all **filled with the Holy Spirit**, and they **continued to speak the Word of God** with freedom and boldness and courage.

Efes 5:18….; maar **word met die Gees vervul.**
AMPL -Eph 5:18-19 …. but **ever be filled and stimulated with the [*Holy*] Spirit.**

- Eerste teken = Talespraak - Hand 2:4; Hand 19:6; Hand 10:46 ;
- Blydskap - Hand 13:52 En die dissipels is vervul met blydskap en met die Heilige Gees.
- Sterk Geloof - Jud 1:20 Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid

Getroue God, volgens Luk 11:13 As ons dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan ons kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?
U is die Doper met die Heilige Gees, Ons bid dat ELKE GELOWIGE gevul sal wees met die Heilige Gees

Stof tot Nadenke…

'n Evangeliese herlewing is 'n buitengewone werk van God waartydens Christene intens bewus word van Sy teenwoordigheid, hulle bekeer van hulle sonde en in hernude gehoorsaamheid aan die wil van God, wat hulle nou ken, hulle opnuut aan Hom toewy. Die vrug van die toewyding is 'n verdieping in hulle persoonlike en gesamentlike ervaring van God en 'n toenemende besorgdheid om andere ook vir Christus te wen.
Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.

Onophoudelike Gebed:

Vader God, gee my vandag guns...

DAG 91-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

Jak 2:14 Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar **hy het nie die werke nie**? Dié geloof kan hom tog nie red nie?

Jam 2:14 What is the use (profit), my brethren, for anyone **to profess to have faith** if he has no [*good*] works [*to show for it*]? Can [*such*] faith save [*his soul*]?

Jak 2:15 As daar nou 'n broeder of suster is wat :

1, **naak is** - Gaan heen in vrede, word warm, ……maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie
2, **aan die daaglikse voedsel gebrek het**, - word versadig, … maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie

- **D**ie geloof, as dit geen werke het nie, is dood. Jak 2:17
- Die geloof werk saam met sy werke en word volkome uit die werke? Jak 2:22

Jam 2:22 Isn't it obvious that faith and works are yoked partners, **that faith expresses itself in works**? That the works are "works of faith"?

My God, my hart is verander, my gedagtes vernuwe. Ek begeer niks meer as om na u wil te vra nie – dag en nag. Elke keer wat ek asemhaal, elke oomblik wat ek wakker is, doen met my soos u wil. U is al wat ek wil hê, en al wat ek nodig het. Ek gee myself nou opnuut aan U.

Stof tot Nadenke…

Tydens 'n herlewing is die besef van God se teenwoordigheid oral. Die atmosfeer is deurtrek daarvan, of beter gestel, die atmosfeer word geskep deur God se teenwoordigheid. Dit maak nie saak waar 'n mens gaan nie, die bewussyn van die werklikheid en nabyheid van God volg jou. Die eienaardige resultaat was dat waar mense ookal vergader het, daar was dit 'n plek van ontsag. Plekke van vermaaklikheid en kroeë was feitlik leeg. Uittreksel: Handbook on Revival deur H.E. Schmul.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus Christus, my siel dors na U!

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Kerke in Jamaika het begin om te bid vir ‘n soortgelyke uitstorting van die Heilige Gees. Soos wat mense gebid het, het hulle verwagting vir ‘n naderende herlewing toegeneem. Teen 1869 het meeste Christene geglo dat God vir hulle herlewing sou stuur voor die einde van die jaar, maar niemand het die felheid waarmee die strome van seën uitgestort is, verwag nie. Hierdie herlewing het :

I. kroeë en dobbelhuise laat sluit,
II. lank geskeide mans en vrouens met mekaar laat versoen,
III. verlore kinders huis toe laat terugkeer,
IV. elke plek van aanbidding tot oorlopens toe volgemaak,
V. die ywer van leraars aangevuur,
VI. die kerke gereinig,
VII. en baie sondaars tot bekering gebring.

Dit het ook diegene wat **nie** hulleself voor God wou verneder **nie**, woedend gemaak.

Die volk wat onlangs uit slawerny bevry is, het hulle ware vryheid in Christus besef en meeste het gekies om nooit weer terug te keer na die slawerny van sonde waaruit Christus hulle vrygemaak het nie. – **Jamaican Revival, 1860.**

SELGROEP WEEK 13:

WELKOM:
AANBIDDING:
WOORD:

1. Wat het hierdie afgelope week jou die meeste getref ?
2. ***Lees:*** **Filippense 2: 12-13** ¯ My geliefdes, julle **was altyd gehoorsaam** wanneer ek by julle was. Des te meer **moet julle gehoorsaam wees** nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle **met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe,** want dit is God wat julle gewillig en **bekwaam maak om sy wil uit te voer. (NV)**
3. IS DIT MAKLIKER OM GEHOORSAAM TE WEES as ons iemand as mentor het, of iemand wat jou dophou ? ….. Die doel van hierdie geloofsgemeenskap waarvan ons deel is, is dat ons as gelowiges sal verander van babas in die geloof tot volwassenes in Christus. **LEES: 1 Joh 2:3-5 ; 1 Joh 3:22-24 ; 1 Pet 1:2 ; Heb 12:11-12; Kol 4:12 ; GAL 5: 7-8**
4. EVALUEER JOUSELF en doen INTROSPEKSIE ; is jy NOG GEHOORSAAM ? Jy hoef nie te antwoord nie, antwoord liewer die volgende vraag ?
5. In watter opsigte het jou lewensperspektief al verander?
6. WAT BETEKEN DIT VIR JOU AS PAULUS VRA “Julle moet julle **met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe ?** OU VERTALING = “WERK JULLE EIE HEIL UIT” - HOE WERK EK MY EIE HEIL UIT ? HET CHRISTUS DIT DAN NIE GEDOEN NIE ?
7. KYK NA DIE VOLGENDE VERS !!!..... DIT IS GOD WAT IN JULLE WERK OM TE WIL EN TE WERK NA SY’ WELBEHAE – want dit is God wat julle gewillig en **bekwaam maak om sy wil uit te voer. (NV) …LEES : Joh 8:44 ; Joh 5:30; Joh 4:23 ; Matt 7:21 ;**
8. In watter opsigte sal jy nog graag wil verander? … DIT WIL Sê …..“ IS JY GEHOORSAAM ? ……IS JY BESIG OM SOOS ‘n VERLOSTE TE LEWE ? ……IS JY VOLKOME BINNE SY WIL ?

VISIE:

Here Gee ons ‘n Goddelike lewensperspektief